And of these the need for economic development and the elimination of poverty, hunger and disease comes first to mind. But equally important is the need to build in Southern Africa an international organization in which the constituent states can feel secure against external aggression or interference, and in which the Government of each of them is pledged to social justice and to protecting freedom of choice, political and economic, and the individual dignity of all people regardless of race, creed or sex. This as I see it is the ideal which lies behind the concept of a constellation of states and which makes it a real plan for peace and progress, not just an attractive astronomical metaphor.

In what I have said I have perhaps put too exclusive an emphasis on what we must expect of the Government. Obviously it is the Government which must give the lead; but a great responsibility rests also on private individuals, and in particular I would say on the leaders of the business community. Perhaps it was in order to emphasize that point, that I was honoured with the invitation to open this exhibition. If so I would regard the invitation with still greater pleasure.

South Africa is moving forward into a new era: Inevitably in this period of rapid change we are going to make mistakes. But let us, if possible, learn from history — particularly I would say from history of the last thirty years — and try to ensure that the mistakes we make have at least the merit of being new mistakes; and when we fail, as we certainly shall from time to time, let us at least try to ensure that we do not fail for lack of good will to any of our peoples, black, white or brown.

# Boekresensie

## Die taak van die bemarkingsbestuur

Dr. P.J. Kieser

(J.L. Van Schaik Beperk Pretoria)
Eerste Uitgawe 1979
(pp 900)
Prys: R18,00

Dr. P.J. Kieser, Algemene Bestuurder, SAFTO, Johannesburg

Hierdie boek is opgedra aan proff F.E. Rädel en H.J.J. Reynders uit erkenning vir die pionierswerk wat hulle verrig het met die opstelling van die boek 'Inleiding tot die Bedryfsekonomie'.

Die hulde wat hier gebring word aan twee groot leermeesters op die gebied handel en bedryfsekonomie is beslis nie onvanpas nie. Die boek onder bespreking is net soos sy voorganger, die produk van 'n spanpoging, waar 'n patroon van samewerking tussen Afrikaanse universiteite daargestel is.

Met die verskyning van 'Die taak van die bemarkingsbestuur' het ons 'n waardevolle toevoeging gekry tot ons vakliteratuur in 'n reeks wat op voltooiing wag. Dit sal gebeur wanneer dergelike werke oor onderwerpe soos produksie, administrasie en personeelbetrekkinge die lig sien. Hierdie hoop word ook deur Rädel en Reynders in 'Inleiding tot die bedryfsekonomie' uitgespreek.

Die taak van die bemarkingsbestuur het duidelik en baie goed daarin geslaag om die breë terrein van bemarking en bemarkingsbestuur so volledig moontlik op 'n geordende en logiese wyse te boek te stel. Ons het nou in Afrikaans 'n duidelike samevatting en 'n gesaghebbende uiteensetting van die terme en begrippe van dié afdeling van die bedryfsekonomie; 'n boek waarna almal: akademici en studente, praktiserende bemarkers en belangstellende leke kan verwys om op hoogte te kom van die fundamentele begrippe van dié vakterrein. Hierin slaag die boek besonder goed, en die redakteurs en medewerkers moet hierme gelukgewens word.

'Die taak van die Bemarkingsbestuur' bestaan uit vyf dele en 33 hoofstukke.

- Deel 1 bestaan uit 'n terreinverkenning en inleiding oor bemarkingsbestuur.
- Deel 2 gee 'n oorsig van die omgewing waarin die bemarkingsbestuur optree met spesifieke verwysing na die Suid-Afrikaanse situasie wat dié werk se waarde baie verhoog.
  By die bespreking van die mark en verbruikersgedrag word daar heel toepaslik van Suid-Afrikaanse statistiek gebruik gemaak om bemarkingsbeginsels sinvol toe te lig.
- In Deel 3 volg 'n deeglike uiteensetting en omskrywing van die hulpmiddels waaroor die bemarkingsbestuurder beskik. Bemarkingsinligtingstelsels word breedvoering bespreek (Hfst 6) en die onderlinge verband tussen bemarkingsnavorsing en bemarkingsinligtingstelsels word in Hfst 7 uitgewys.
  Die beplanning en uitvoering van 'n bemarkingsondersoek word ook volledig behandel.
  Hoofstukke 8 en 9 verskaf baie bruikbare tegnieke oor markmeting en markvooruitskatting, asook marksegmentering en doelmarkkeuse.
  Die hooftema van die boek, naamlik die taak van die bemarkingsbestuur, word volledig in Deel 4 behandel.
  Al die bemarkingsbeleidsinstrumente, bemarkingsorganisasie, koördinasie en beheer word logies en beredeneerd in hoofstukke 10 tot 16 uiteengesit.
- Deel 5 volg laastens met 'n bespreking van enkele gespesialiseerde bemarkingsterreine, soos die bemarking van:
  - kapitaaltoerusting
  - landbouprodukte
  - kommersiële dienste
  - kleinhandelsdienste en -goedere

- uitvoergoedere/dienste

en bemarking aan

- die Swart mark
- die owerheid

'n Lys van kernbemarkingsbegrippe en rekenkunde vir die bemarkingsbestuur is ook by die boek ingesluit.

Aangaande die waarde van die boek as akademiese handleiding is daar geen twyfel nie, maar uit die oogpunt van die praktiese bemarker is die werk soms geneig om slegs 'n beskrywing te gee van die huidige toestand van sake, of van wat daar tans op 'n sekere terrein gedoen word. Daar word te min gesê oor *hoe* daar te werk gegaan moet word. Byvoorbeeld:

In die hoofstuk oor buitelandse handel word daar verskeie kere verwys na die Verslag van die Kommissie van ondersoek na die uitvoerhandel van die Republiek van Suid-Afrika 1972 (die sogenaamde Reynderskommissie verslag), wat die toestand weerspieël soos dit agt jaar gelede was; miskien heeltemal korrek, maar mens sou liewer dié ruimte gevul sien met *hoe* doen 'n mens uitvoerbemarking, hoe stel 'n mens 'n agentskapkontrak op, hoe beoordeel 'n mens die geskiktheid van 'n oorsese maatskappy as agent vir die bemarking van jou produk oorsee.

In die hoofstuk oor die bemarking van landbouprodukte verskyn daar 'n deeglike uiteensetting van hoe die landboubemarkingsrade tans fungeer; ek sou liewer 'n kritiese bespreking van die bemarking van landbouprodukte gesien het. Die skrywers erken amper dat die uitgebreide prysbeheerstelsel van ons landboubemarkingsrade goed is en waag slegs 'n sagte woord van kritiek '. . . en van die probleme is die reeds genoemde beswaar dat dit vrye prysvorming en dus ook vrye mededinging uitskakel en gevolglik onekonomiese produksie toelaat'. 'n Uit-en-uit verdoeming van prysbeheer sou, na my mening, meer in die styl wees van voorstanders van die vrye markmeganisme.

'n Goeie deeglike akademiese boek, maar 'n praktiese 'Hoe doen mens dit' boek as opvolger sal van nut wees.

Hierdie boek voldoen aan die aanspraak in sy voorwoord, dat dit bestem is vir die student en die bemarker. Dit is dus sowel akademies gefundeerd as prakties georiënteerd, en is 'n waardevolle bydrae in Afrikaans op die gebied van Bemarking.